

My kreatiewe

# BYBEL JOERNAAL

## ESTER

# My kreatiewe
# BYBEL JOERNAAL

Heuningsoet Woord & Gees
Psalm 19:10&11

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie *Bybelstudie?*

Dag 1 : Koninging Vasti

Dag 2 : Ester word koningin

Dag 3 : Haman se plan

Dag 4 : Mordegai en Ester (1)

Dag 5 : Mordegai en Ester (2)

Dag 6 : Mordegai word vereer

Dag 7 : Haman se val

Dag 8 : Die Jode vier fees

Dag 9 : Die omgekeerde gebeur

Dag 10 : Die Purimfees

Dag 1:

# Koninging Vasti

Die Bybelvers vir hierdie joernaal kom uit Jakobus. Blaai na Jakobus 1 en lees verse 2 en 3. Kyk of jy die ontbrekende woorde in die blok hieronder kan invul.

My Broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei ______________________ (moeilike omstandighede) oor julle kom, want, soos julle weet, as julle __________________ die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te _________________. *Jakobus 1: 2-3*

1.**Gebed:** Omdat jy God se kind is, bly Heilige Gees binne-in jou hart. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed om jou te lei terwyl jy met die les besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn terwyl jy deur die mooi boek van Ester begin lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 1** hardop as dit moontlik is. Lees rustig deur die verse en leef jou lekker in die verhaal in. Verbeel jou dat jy in koning Ahasveros se paleis is en alles sien soos wat dit gebeur.

3. **Skryf- en oordink tyd:** Stel jouself in koningin Vasti se skoene: sou jy die koning gehoorsaam het? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

______________________________________________

______________________________________________

4. Hoekom dink jy wou die mooi koningin Vasti nie voor die koning verskyn nie?

______________________________________________

______________________________________________

5. Wat dink jy was koning Ahasveros se rede hoekom hy vir koningin Vasti voor hom wou laat verskyn?

_______________________________________________

_____________________________________________ (**vers 10&11**).

6. Verduidelik in jou eie woorde wat die woord "*onderdanig*" beteken (jy kan 'n verklarende woordeboek of die internet hiervoor gebruik as jy wil). Gebruik dan hierdie woord in 'n gepaste sin om die betekenis daarvan verder duidelik te maak.

*Onderdanig* : ________________________________________

Sin : _____________________________________________

_______________________________________________

7. Blaai na **Efesiërs 5:21 – 25**. In hierdie verse leer God die man en vrou wat getroud is, **hoe** om op te tree teenoor mekaar. Gebruik die tabel en skryf 'n paar woorde neer wat die manier beskryf (vanuit die Bybelverse in Efesiërs), hoe 'n man en vrou elkeen moet optree.

| **Vrouens se optrede** *(die kerk van Jesus)* | **Mans se optrede** *(Jesus Christus as hoof van die kerk)* |
|---|---|
| | |

8. Wat dink jy ***wil God jou leer*** deur vandag se Bybelgedeelte?

_______________________________________________

_______________________________________________

9. Is daar ***iets waaroor jy wonder*** nadat jy vandag se Bybelhoofstuk deurgelees het? Skribbel dit hieronder neer.

## Dag 2: **Ester word koningin**

Vandag gaan jy verder lees vanuit Ester. Jy sal sien dat Ester in God geglo het – sy was 'n Joodse meisie. Blaai nou eers na Jakobus 1 en lees weer verse 2 en 3. Hierdie verse leer jou meer daaroor om aan te hou glo in Jesus. God se kinders gaan somtyds deur moeilike omstandighede, maar selfs al gebeur slegte dinge op ons lewenspad, kan dít ons help om te groei in ons geloof en verhouding met Jesus. Wanneer jy besluit om vas te hou aan jou geloof in Jesus, sal dit jou help om deur moeilike tye te gaan en sterkter anderkant uit te kom. Vul die ontbrekende woorde in die blokkie hieronder.

My ________________, julle moet baie___________ wees wanneer allerlei beproewings (moeilike omstandighede) oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die_____________ ________________ het, stel dit julle in staat om te _________________ (uit te hou en aan te hou).

*Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Draai na Heilige Gees in gebed en vra Hom om jou te lei en leer terwyl jy verder uit die mooi boek van Ester lees.

2. **Leeswerk**: Lees **Ester 2** aandagtig deur. Dink jou lekker in die gebeure in soos wat jy deur die verse lees. Dalk kan jy dit vir iemand naby jou hardop lees?

3. **Skryf- en oordinktyd**: Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan of nuut is vanuit die teksgedeelte.

4. Skryf 'n sin of vers vanuit **Ester 2** neer, wat met jou hart praat.

______________________________________________

______________________________________________

5. **Vers 7** vertel vir ons dat Ester 'n baie mooi Joodse meisie was, maar ook dat sy 'n weeskind was. Verduidelik wat jy verstaan wie 'n "weeskind" is.

______________________________________________

**Die gevolg van Ester se wyse optrede.**

Al die meisies het skoonheidsbehandeling ontvang. Wanneer hulle na die koning geroep is, het hulle alles vir die koning saamgeneem wat hulle self wou (**vers 13**). Ester, as Joodse meisie, het in wysheid anders opgetree. **Vers 15** leer ons dat Ester, toe dit haar beurt was om na die koning te gaan, net dít saamgeneem het wat Hegai, die paleisbeampte, haar voorgestel het. Hegai het **koning Ahasveros baie goed geken en geweet waarvan hy hou**. Hy het vir Ester voorgestel om dít waarvan die koning hou, na hom te vat. Lees die laaste sin van **vers 15** asook **vers 17** – wat die gevolg van **Ester se gehoorsaamheid in wysheid** aan Hegai se voorstel was.

6. Vertel, in jou eie woorde, ***watse wyse optrede van jou*** al 'n "*goeie indruk*" op mense (of jou ouers) gemaak het.

______________________________________________

______________________________________________

7. Teken die gebeure van **verse 21 tot 23** soos jy dit lees in **Ester 2**. Wys met pyltjies na die persone se name wat jy teken.

Dag 3:

# Haman se plan

Wanneer jy 'n pad saam met Jesus stap, in Hom glo en Hom vertrou in jou lewe, mag dit gebeur dat jy somtyds 'teenkanting' beleef. Gedurende sulke tye kan baie slegte goed oor ons pad kom, dinge waaroor jy nie eens beheer of skuld aan het nie. Die vyand kan ons beproef of toets in sulke tye. Hy wil sien of ons aanhou glo dat Jesus vir ons uitkoms kan en sal bring. Deur te bly glo in Jesus en Sy liefdevolle plan vir ons lewe, kan ons vry kom van Satan se aanslae op ons lewe. Dit is wat dit beteken om te 'volhard' in jou geloof. Voltooi die vers in die blokkie.

My Broers, julle moet______________ bly wees wanneer ______________ beproewings oor julle kom, want, ________ ____________ _____________, as julle ____________________ die ________________ deurstaan het, stel dit julle in staat om te ________________. *Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Vra vir Heilige Gees om vir jou die Woord te verduidelik soos jy deur die verse lees. Jy kan Hom ook vra dat Hy dieper geheime vir jou in hierdie hoofstuk sal verduidelik.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 3.** Jy kan die verse hardop, vir jouself lees of as jy 'n selfoon het, kan jy dit opneem en weer terugspeel sodat jy jou stem kan hoor. Dink oor die woorde soos jy daardeur lees. Bou vir jou 'n prentjie in jou verbeelding van alles wat jy lees.

3. **Skryf- en oordinktyd**: Skryf 'n sin of vers neer wat jou aandag trek.

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Is daar 'n vraag wat jy vir God sou wou vra nadat jy die verse gelees het? Skribbel dit neer (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord te hê nie).

_______________________________________________

5. Mordegai was 'n Jood. Hy het God liefgehad en gedien met sy hele hart. **Vers 2** vertel vir ons dat Mordegai nie voor Haman wou kniel nie. Hoekom dink jy was hy ongehoorsaam aan die bevel van die koning?

______________________________________________

6. Lees nou **Eksodus 20:4-6** in die verskillende vertalings en onderstreep dit wat jy sien **die rede was** hoekom Mordegai eerder aan God, as aan Koning Ahasveros (en Haman) gehoorsaam was.

| | |
|---|---|
| [4] "You shall not make for yourself an image in the form of anything in heaven above or on the earth beneath or in the waters below. [5] You shall not bow down to them or worship them; for I, the LORD your God, am a jealous God, punishing the children for the sin of the parents to the third and fourth generation of those who hate me, [6] but showing love to a thousand generations of those who love me and keep my commandments. – ICB<br><br>3 You shall have no other gods before orbesides Me.<br>4 You shall not make yourself any graven image [to worship it] or any likeness of anything that is in the heavens above, or that is in the earth beneath, or that is in the water under the earth; 5 You shall not bow down yourself to them or serve them; for I the Lord your God am a jealous God, visiting the iniquity of the fathers upon the children to the third and fourth generation of those who hate Me... - AMP Classic | 3 Net Ek mag jou God wees. Jy mag nie ander gode hê nie.<br><br>4-5 Jy mag nie vir jou 'n beeld maak of iets in die skepping probeer naboots om dit te aanbid of daarvoor te offer nie. Jy mag nie beelde maak wat lyk soos enigiets wat in die lug daar bo is of soos iets hier op die aarde waarop jy bly of soos iets in die plekke in die water onder die aarde, om dit te vereer soos God nie. Ek verdra dit nie dat jy in ander gode glo nie. Ek reken met almal af wat die rug vir My draai, selfs met hulle kleinkinders en agterkleinkinders.<br><br>6 Ek bly getrou en my liefde bly altyd staan vir duisende geslagte lank vir almal wat lief is vir My en aan My gehoorsaam is. – Die Boodskap |

7. Voltooi die sin: Nadat ek hierdie Bybelhoofstuk gelees het, glo ek God wil vir my leer dat ______________________________________________

______________________________________________

8. **Vers 10** vertel 'n baie mooi waarheid. Dit vertel dat Haman "*'n vyand van die Jode"* (God se kinders) was. Blaai nou na **Deuteronomium 20:4**. Wat verseker hierdie vers vir jou as jy dink aan Haman se slegte plan om God se kinders almal uit te wis (dood te maak)?

______________________________________________

9. Wat kan jy leer vanuit Mordegai se optrede vandag?

______________________________________________

______________________________________________

Dag 4: **Mordegai en Ester (1)**

In tye wat moeilik is, soos wanneer jy siekerig is, of wanneer daar iets slegs met iemand naby aan jou gebeur, is dit moeilik om opgewonde te wees daaroor! Tog sê ons vers in Jakobus hieronder, dat ons **bly** moet wees wanneer ons deur moelike tye gaan. Hoe kan dit werk? Wanneer ons deur slegte omstandighede gaan, kan ons **kies** om op een van twee maniere daardeur te gaan: jy kan kies om te fokus op die slegte gebeurtenisse rondom jou, of jy kan kies om jou fokus en hoop op Jesus te plaas. Deur op Jesus te fokus en na Hom te draai met alles wat in jou hart gebeur in hierdie moeilike tyd, wys dat jy kies om nie alleen daardeur te gaan nie. Dit beteken, jy vat Sy Hand en besluit om saam met Hom die pad te stap. Wat sal jy kies?

My Broers, julle moet baie bly wees wanneer ______________ ______________ oor julle kom, want, ________ ____________ ____________, as julle ______________ die toets ______________ het, stel dit julle in staat om te ______________.

*Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Vertel vir Heilige Gees dat jy Sy hulp nou nodig gaan kry met die lees van jou Bybel. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy duidelikheid aan jou kan gee, oor wat jy nou gaan lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 4** nadenkend deur. Stop gereeld en dink oor die verse. Dink aan vrae waaroor jy wonder, of verse wat vir die eerste keer jou hart aanraak.

3. **Skryf- en oordinktyd**: Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan vanuit die teksgedeelte van vandag.

4. Skryf ‘n sin of twee neer wat jou aandag trek.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5. Teken enige vers/e wat vir jou soos ‘n prentjie in jou gedagtes uitgestaan het soos jy deur die Bybelverse van **Ester 4** gelees het. Jy kan byskrifte by jou tekening sit. Skryf ook die vers/e neer wat jy uitgekies het om te teken.

Somtyds gebeur dit, dat God dit so bepaal dat jy presies op die regte tyd én plek is om Hom daar te verteenwoordig. Dit was die geval met koninging Ester. God het haar in die paleis geplaas vir ‘n tyd soos hierdie, om in guns by die koning te wees, sodat sy haar volk, die Jode (God se kinders) kon red.

6. Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende woorde beteken:

| | |
|---|---|
| Verteenwoordig | |
| ontbied (V.11) | |
| uitsondering (V.11) | |

Dag 5:

# Mordegai en Ester (2)

Die Joodse volk is nou baie bekommerd. Haman is baie kwaad daaroor dat Mordegai nie aan hom eer wil bewys het nie. Nou wil hy die hele Joodse volk daarvoor straf ! Daar is haat in Haman se hart, dit is hoekom die Bybel Haman as 'n 'vyand van die Jode' (Ester 3:10) beskryf. Al die Jode gaan nou deur 'n beproewing of moeilike tyd: wat sal die uiteinde hiervan wees? Wie kan vir hulle intree of die nare plan van Haman stop? Gaan die hele volk uitgewis word?

Kyk of jy die vers in Jakobus kan voltooi in die blokkie hier onder.

My ______________, julle ______________ baie bly wees wanneer ______________ beproewings ___________ ______________ ___________, want, soos julle weet, as ___________ ______________ die toets ______________ het, stel dit julle in staat om _______ ______________________.

*Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed**: Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Hom om vir jou die Bybelhoofstuk van Ester wat jy nou gaan lees, te verduidelik.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 5** rustig deur. Dalk ken jy al hierdie storie. Is daar iets nuuts wat by jou opkom soos jy vandag daardeur lees? Stel jou oop vir nuwe waarhede wat Heilige Gees aan jou hart wil uitwys.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog vang uit hierdie hoofstuk. Kyk of jy sinonieme bo en/of onder die woorde kan skryf wat die betekenis daarvan vir jou verder duidelik maak.

4. Skryf 'n sin of vers neer wat vir jou mooi is en soos 'n prentjie in jou gedagtes uitstaan.

5. Is daar iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra? Skryf dit op die lyn.

6. Skyf 'n paar optredes van Haman neer wat vir jou duidelik uitbeeld dat hy ***trotsheid in sy hart*** gehad het (**vers 9- 14**).

Voorbeelde van trotse optredes:

7. Blaai na **Spreuke 16:18** en vertel in jou eie woorde wat hierdie verse jou leer oor hoogmoed / trotsheid / selfverheffing.

8. Wat dink jy is die hoofdoel dat God dié hoofstuk in die Bybel gesit het?

9. Het jy iets nuuts geleer of van bewus geword, nadat jy hierdie hoofstuk in Ester gelees het?

# Dag 6: Mordegai word vereer

Somtyds kan dit in 'n moeilike tyd lyk asof niks sal uitwerk of beter word nie. **Vir God is niks onmoontlik nie.** Hy kan 'n uitweg maak sonder dat enige mens daaraan sou kon dink. Dit is wanneer God vir mense wys hoe betroubaar en almagtig Hy alleen is. Dit is hoekom hierdie vers in Jakobus ons aanmoedig om aan te hou (volhard) in ons geloof in Jesus. Kies om volgende keer wanneer jy deur iets uitdagends gaan, vir Jesus te vra om jou te help. Vertrou Hom dan, want Hy wil saam met jou deur alles in jou lewe gaan. Kyk of jy die vers in Jakobus al self kan voltooi.

My Broers, __________ ______________ baie bly wees ________________
___________________ _________________________ oor julle kom, want, soos
julle weet, as _____________ ________________________ die toets
____________________ het, ____________ _____________ _________________
________ ___________________ om te volhard.

*Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Vra Heilige Gees se hulp en leiding soos wat jy nou verder gaan lees uit die Bybelboek van **Ester.**

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 6** hardop en aandagtig deur. Dink na ook elke vers soos wat jy daardeur lees.

3. **Skryf- en oordinktyd**: Lees weer die **eerste vers** van **Ester 6** en skryf dit wat gebeur het, in een sin, in jou eie woorde.

___________________________________________

God is altyd besig is om te werk sodat omstandighede tot die beste sal draai vir Sy kinders. Hier sien ons hoe God 'n koning, wat nie eens in Hom geglo het nie, laat rond-rol in sy bed! Die uiteinde daarvan is dat Mordegai vereer moes word en Haman se hoogmoed uitgewys en gestraf moes word. God kan self Sy kinders wat op Hom vertrou, beskerm en vir hulle 'n uitweg maak. Die geheim lê daarin **om te kies om getrou aan God te bly in elke besluit in jou lewe,** net soos Mordegai dit gedoen het.

4. Teken **vers 10 en 11** met Haman en Mordegai soos die koning dit beveel het om te gebeur. Wys met pyltjies na die twee mans en Haman se uitroep in 'n praat-borrel.

5. Verduidelik hoekom jy dink Haman "*skaam en ontnugter huiswaarts gekeer het*" nadat hy met koning Ahasveros gepraat het.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

6. Ek wonder _______________________________________________

_______________________________________________________________

7. Ek lees vir die eerste keer raak dat ___________________________

_______________________________________________________________

8. Ek glo God wil vir my hieruit leer ____________________________

_______________________________________________________________

Mordegai het altyd opreg voor God en sy medemens gelewe. Alhoewel hy nie dadelik vereer is vir sy goeie daad aan die koning nie, het God nie toegelaat dat dit vergeet word nie. Op die regte tyd het God ingetree. God alleen gee guns en plaas mense in sekere posisies. Dit doen Hy alleen sodat Sy plan vir Sy kinders sal geskied en die eer alles na Hom sal gaan. Die les wat ons hieruit kan leer is dat **Mordegai elke dag met wysheid en eerlikheid voor God en ander mense geleef het**. Hy het geweet God sien Hom raak in alles wat hy doen. God sien jou ook raak waar jy is! Lewe elke dag in alles wat jy doen met die wete dat Hy jou raaksien en jou sal vereer vir jou goeie optredes op die bepaalde tyd.

Dag 7:

# Haman se val

God het 'n baie spesifieke plan met elke mens se lewe. Hy het ook 'n spesiale plan met jou lewe. Glo jy dit? Al weet jy nog nie presies wat jou doel op aarde is nie, moet jy elke dag daarvan bewus wees dat Hy jou wil gebruik waar jy ook al gaan. Al Ester se goeie eienskappe het daartoe bygedra dat God Sy doel vir die Joodse volk in 'n moeilike tyd op aarde kon bereik. Ester se skoonheid, wysheid, opregtheid en getrouheid in haar geloof aan God, het alles saamgewerk om God se plan vir haar lewe te laat plaasvind. Selfs in die moeilikste tyd, toe sy doodbenoud was oor Haman se nare plan, het sy bly glo dat God, deur haar, 'n verandering kon bring vir die Jode se lot.
Glo jy dat God jou ook so kan gebruik?

_______ _____________, julle ______________ baie bly wees wanneer allerlei _________________________ oor julle kom, want, soos julle weet, as julle ___________________ die ___________________ deurstaan het, stel dit julle in staat om te __________________. *Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Draai na Heilige Gees in jou hart vir 'n kort gebed. Vra Hom om jou te lei soos jy verder deur Ester lees.

2. **Leeswerk:** **Ester 7.**

3. **Skryf- en oordinktyd:** Lees weer die vraag wat die koning vir Ester gevra het in **vers 2**. Leef jou in Ester se skoene. Wat sou jou antwoorde gewees het as die koning nou vir jou hierdie vraag vra? Verduidelik ook hoekom dit jou antwoord aan die koning sal wees. 😊

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Partykeer moet ons **verantwoordelikheid** neem vir iets of iemand. Dalk vra jou ouers dat jy na jou troeteldiere moet omsien. Of dalk moes jy al jou kleiner boetie of sussie gou oppas terwyl jou ma die stoof moes gaan afsit! Dalk is dit jou verantwoordelikheid

om die potplantjies elke week nat te maak of die hanslammers hulle melkbottels te gee? Om verantwoordelik vir iets of iemand te wees is 'n belangrike posisie...

4. Hoe laat dit jou voel om te weet jy is verantwoordelik vir iets of iemand?

______________________________________________________________________

5. Ester was ook verantwoordelike vir 'iemand'. Vir wie was sy verantwoordelik en het sy verteenwoordig in die paleis voor die koning?

____________________________________________________________ (**vers 4**)

6. **Vir elke optrede of keuse wat jy maak, is daar 'n gevolg**. Dink aan 'n opdrede wat jy vandag al geneem het en wat die gevolg daarvan sal wees (skryf dit in die blokkie by A). Dink dan aan die optrede/besluit van Haman uit die storie in Ester, en wat die gevolg daarvan was (skryf dit by B). Skryf ook 'n optrede en gevolg van Mordegai neer wat jy leer uit die boek van Ester (skryf dit in die blokkies regoor C).

| | Optrede | gevolg / effek |
|---|---|---|
| A - myself | | |
| B - Haman | | |
| C - Mordegai | | |

7. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou interessant is of jou oog gevang het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

8. Ek verstaan nie hoekom ___________________________________________

______________________________________________________________________

Dag 8:

# Die Jode vier fees!

Ester se **Joodse naam** lees ons raak in Ester 2:7 – **Hadassa**. Hadassa beteken 'mirte' wat 'n immergroen struik is met spierwit, stervormige blomme. Hierdie blomme word gebruik om parfuum mee te maak en verwys na die vrede en seën van God. Mirte verwys ook na 'n doring in die woestyn of na God se vergifnis en aanvaarding. Hadassa was 'n weeskind en het by haar oom, Mordegai, grootgeword. Haar naam is verander na **Ester** wat 'n **Persiese** naam is. Ester beteken 'môrester' en verwys na 'n lig wat skyn in 'n donker tyd. Kan jy vanuit Ester se **Joodse** en **Persiese** name agterkom hoe dit vervleg is in die verloop en doel van haar lewe? Voltooi die vers in Jakobus 1 hier onder.

My Broers, ______________________________

______________________, want, soos julle weet, ____________________

______________________________________________________, stel dit julle

in staat om te ______________________. *Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Vra vir Heilige Gees om jou van iets nuuts in die Woord bewus te maak soos wat jy verder deur die boek van Ester gaan lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 8** rustig deur, met aandag. Moenie te vinnig lees nie. Stop en dink oor 'n vers as dit jou hart aanraak is.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (wat 'n lekker prentjie in jou gedagtes vorm).

______________________________________________________

______________________________________________________

4. Skryf woorde neer wat beskryf **hoe die Jode gevoel het** toe die nare plan van Haman verwerp is. (**vers 16**).

5. Lees weer **vers 2 en 8.**

## Die betekenis van 'n koning se '**seëlring**'.

'n Koning se seëlring is 'n simbool van sy identiteit, outoriteit en besittings en was van groot waarde in vorige eeue. Konings het hierdie ringe gebruik om belangrike briewe, boodskappe en onderhandelings te bevestig of van krag te maak. Dit het gewerk soos mense vandag hul handtekening op papier sal sit. Wanneer iemand 'n brief van die koning ontvang het, wat met 'n wasseël verseël/ toegemaak was (van die koning se seëlring), was dit 'n onveranderlike verklaring vanuit die koning se pen of paleis wat sy goedkeuring en guns vir die saak bevestig het.

6. Lees nou **2 Korintiërs 1:21-22** en verduidelik wat jy hieruit verstaan deurdat jy ook 'n seël van God (ons Koning) ontvang het.

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Voltooi: Ek wonder ___________________________________________

_______________________________________________

8. Ek glo God wil deur hierdie Bybelhoofstuk vir my leer dat ___________

_______________________________________________

9. Wat ek kan leer uit Ester se optrede is dat _________________________

_______________________________________________

In die wêreld is daar 'n groot geneigtheid om te sê: "Ek was 'lucky'" of "die geluk was aan my kant" veral wanneer iets goed vir jou uitgewerk het. Wanneer jy kies om die pad saam met Jesus te loop, gebeur niks net "toevallig" nie. Omdat God jou so liefhet, beplan Hy jou pad haarfyn en verander Hy omstandighede rondom jou, sodat jy die beste uitkoms sal ervaar. Lees nou Romeine 8:28. Hoe is hierdie vers vir jou waar?

Hoe het dit waar geword vir Ester en die Joodse volk?

# Dag 9: Die omgekeerde gebeur

In die deurlees van Ester, het jy sover agtergekom hoe God agter die skerms in die hele verhaal werk. Ester is een boek in die Bybel waar God se naam glad nie genoem word nie. Self praat God ook nie, maar regdeur die hele boek kan ons waarneem hoe God heeltyd vir Sy kinders omstandighede verander en ten goede laat meewerk. **Jou geloof in God is baie kosbaar.** Deur altyd op God te vertrou, kan jy ook begin ervaar hoe God vir jou, as Sy kind, bystaan en help.

Kyk of jy die vers in Jakobus 1 nou self al kan neerskryf op die lyne in die blok.

My Broers, ______________________________________________

______________________________________________________,

soos julle weet, _______________________________________

__________________________________, stel dit julle in staat om te

______________________________.

*Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Vra vir Heilige Gees leiding terwyl jy nou deur die verse gaan lees.

2. **Leeswerk:** **Ester 9:1-19** aandagtig deur. Stop en oordink 'n vers as dit jou aandag trek.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf 'n paar woorde vanuit die verse neer wat jou oog opval.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

4. Aan die begin van die boek Ester, was **Mordegai** net bekend as die Jood wat Ester grootgemaak het (Ester se oom). Tog was Mordegai altyd getrou aan God in al sy optrede. God het raakgesien hoe Mordegai volhard in sy geloof. Wat sien jy nou, aan die einde van die Bybelboek Ester, hoe is Mordegaai raakgesien en vereer deur God? (lees **vers 3**).

___

___

5. Teken 'n prentjie van enige deel van die verse wat jy vandag gelees het en sal onthou. Gee 'n **opskrif** en **byskrifte** vir jou prent en **skryf die verse neer** wat jy besluit het om te teken.

6. Ek wonder ___

___

7. Ek kom vir die eerste keer agter dat ___

___

8. Ek dink God wil my hieruit sê dat ___

___

Dag 10:

# Die Purimfees

Die waarde daarvan om jou lewenspad saam met Jesus te stap, sal jy net self agterkom as jy vir God toelaat in jou omstandighede elke dag. In gebed, kan jy gereeld met Jesus gesels oor alles wat op jou hart is en Hom uitnooi om deel te wees van jou lewe. Skoonheid, bekendheid, baie aardse besittings of bekende vriende bring jou nie in meer guns by God nie. **Hy het jou klaar lief net soos jy is.** Niks wat jy meer of minder doen, kan maak dat Hy minder of meer lief vir jou is nie. Glo jy dit? Weet dan dat God daagliks jou pad bepaal as jy Hom vra en toelaat in jou lewe. Net soos vir Mordegai, Ester en die hele Joodse volk, sal God vir jou sorg en uitkoms gee in moeilike tye.



My Broers, ______________________________

______________________________, want, ____________

______________________________

______________________________. *Jakobus 1: 2-3*

1. **Gebed:** Onthou om Heilige Gees deel te maak van jou Bybelleestyd. Hy wil jou graag leer en seker dele van die Skrif uitwys soos jy deur die Woord beweeg. Draai na Hom in 'n kort gebed en nooi Hom uit om die lesse wat jy uit Ester se lewe geleer het, vir altyd te onthou.

2. **Leeswerk:** Lees **Ester 9:20-10** aandagtig deur. Hierdie mooi storie van Ester kom vandag tot 'n einde, alhoewel die lesse wat ons daaruit kan leer, diep in ons harte behoue kan bly.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

______________________________

______________________________

4. Is daar iets wat jy vir God sou wou vra nadat jy hierdie stuk gelees het?

5.Die Jode se vyand, Haman, het ‘n nare plan vir God se kinders gehad. God het deur Sy kinders gewerk en toe gebeur die omgekeerde van dit wat Haman beplan het. Lees weer **vers 22** en skryf woorde neer wat sou gebeur het en hoe die uitkoms daarvan verander het in ‘n ander woord.

.......... het verander in ...........

| | |
|---|---|
| | |
| | |

6. Skryf ‘n paar posisies en kenmerkende leier-eienskappe van “die Jood Mordegai” neer wat God verhoog het in die ryk van koning Ahasveros (**Hoofstuk 10**).

7. Skribbel ‘n paar gedagtes neer **wat jy geleer het** vanuit die Bybelboek, Ester, die afgelope 10 dae. Dit kan ook dinge wees wat jy graag wil onthou vir jou lewenspad vorentoe.

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke. Kreatiewe en Refleskies Joernale is gratis aflaaibaar by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com.

